# HOOFSTUK 1

## DIE BEGIN VAN DIE BEGIN ...

### INLEIDENDE ORIËNTASIE

**AGTERGROND VAN HIERDIE HOOFSTUK**

Hierdie hoofstuk het ten doel om die navorsingsprobleem te belig deur navorsingsdoelwitte en navorsingsvrae daar te stel ten einde hierdie studie te rig.

In hierdie hoofstuk sal daar aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- die aktualiteit van hierdie studie;
- die definiëring van die navorsingsprobleem;
- die beskrywing van die navorsingsdoelwitte;
- die formulering van die navorsingsvrae;
- die etiese aspekte geldig vir hierdie studie;
- die navorsingsbenadering wat gevolg sal word;
- die metodes van data-insameling en analise; en
- verslaglewering.

Die volgende begrippe sal verhelder word:

- die titel van die studie;
- kruiskultureel;
- narratiewe terapie;
- adolessensie; en
- seksuele mishandeling.

Die navorsingsprogram sal uiteengesit word waarna 'n diagrammatiese voorstelling van die hoofstuk sal volg.

## 1.1 INLEIDING

In die laat negentiende eeu bevind Siegmund Freud dat baie van die volwasse pasiënte wat hy behandel, seksuele mishandeling rapporteer wat verband hou met hul simptome van psigologiese wanfunksionering (Sachsenmaier, 2001: 1* ). Seksuele mishandeling is 'n term wat veral in die laaste tien jaar in die Suid-Afrikaanse samelewing dramaties na vore getree het (Retief, 1999: 9). Seksuele mishandeling beïnvloed die totale wese van diegene wat daaraan blootgestel was: die bewuswording van die self, intieme verhoudings, seksualiteit, ouerskap, die beroepslewe en selfs die geestesgesondheid van die persoon (Bass & Davis, 1997: 33). Die effek[1] van seksuele mishandeling is onderworpe aan die volgende veranderlikes: frekwensie, duur, verhouding met die oortreder, die reaksie van betekenisvolle ander persone in die slagoffer se lewe op die insident en of die persoon in omgee-verhoudings betrokke was na die insident(e).

Die samelewing neig steeds om die effek van seksuele mishandeling te minimaliseer en om té geredelik te vra wat die slagoffer se aandeel aan die mishandeling was. Selfs in die regstelsel[2] is daar tekens dat, indien die slagoffer die trauma van seksuele mishandeling redelik goed verwerk, die straf vir die oortreder aangepas kan word deur van die voorgeskrewe vonnis af te wyk en aan die oortreder 'n ligter vonnis op te lê (Beeld, 18 Desember 2001: 5). Daar bestaan ook 'n persepsie dat sekere vorme van seksuele mishandeling minder skadelik is as ander vorme van mishandeling. Hierdie tipe reaksie vererger nie net die trauma vir die slagoffer nie, maar verhoog ook die risiko dat die slagoffer die gevaar loop om ernstige, blywende en aftakelende simptome[3] te ontwikkel (Dolan, 1991: 3).

Die seksuele mishandeling van kinders is vir geestesgesonde mense sinloos. Daarvan getuig die uitroepe[4] tot optrede in die dagblaaie. Enige traumatiese gebeurtenis is sinloos. **Verwaarloosde trauma** kan aanleiding gee tot 'n chroniese, verlengde of uitgestelde posttraumatiese stresversteuring wat selfs eers in latere lewensjare na vore kan tree.

---

* Toewysing van hierdie bladsynommer(s) is toegeken deur die navorser aangesien artikels onttrek vanaf die Internet nie oor bladsynommers beskik nie. 'n Asterisk sal deurgaans in hierdie studie gebruik word om aan te toon dat die bladsynommers self toegeken is.

1 Word bespreek in hoofstuk 5.

2 Sien Aanhangsel A.

3 Word bespreek in hoofstuk 5.

4 Sien Aanhangsel B.

Freud ontdek dan dat wanneer die terapeut sonder vooroordeel luister na mense se stories, hulle verdronge materiaal wat deur 'n **oorlewingsgedrewe proses van selfsensorskap** geberg is, herroep en deel. Deur woorde te vind om die storie te vertel, vind hulle hul eie stem (Parry in Friedman, 1993: 430).

Mense se lewens vertel die stories van hul lewe. Die term "narratief" impliseer die luister na en die vertel en hervertel van mense se stories oor en van hul lewe. Gesprekke vorm nuwe realiteite. Taal kan narratiewe van hoop skep. Mense gebruik kognitiewe narratiewe om te organiseer, te voorspel en om die kompleksiteite van deurleefde ervarings te verstaan. Keuses word hoofsaaklik gevorm deur die betekenis van gebeure en die opsies wat oorweeg word.

Gebeure wat aanleiding gee tot probleme mag persoonlike, psigologiese, sosiokulturele of biologiese wortels hê – of dit mag selfs 'n samestelling van genoemdes wees. Individue mag dalk nie beheer hê oor sekere probleme van hul lewe nie, maar **die manier waarop mense met probleme saamleef, is hul eie keuse** (Freeman, Epston & Lobovits, 1997: xv).

## 1.2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Die seksuele mishandeling van kinders het die afgelope tien jaar met 400% toegeneem terwyl die gemiddelde ouderdom van die slagoffers al hoe jonger word (Lackay, 2002: 4). In Suid-Afrika word minstens 'n halfmiljoen meisies tussen die ouderdom van 2 en 13 jaar jaarliks seksueel misbruik (Van der Westhuizen, 2002:4). Adolessente is binne die volgende vier tot tien jaar van hul lewe die volwassenes van die samelewing. Feitlik daagliks is daar berigte in die dagblaaie van babas, jong kinders en tieners wat seksueel mishandel word. Wat hierná volg, is slegs 'n paar berigte wat ten tyde van dié studie gedurende een maand in 'n enkele dagblad[5] verskyn het.

- Beeld, 6 November 2001: bladsy 2: Tuinier se verkragting van 7-jarige 'ongehoord'.

[5] Verskeie outeurs was verantwoordelik vir hierdie artikels. Erkenning word slegs aan die dagblad gegee vir verwysing.

- Beeld, 7 November 2001, bladsy 1: Rekenaar-onnie dwing glo seun om orale seks te hê.
- Beeld, 9 November 2001, bladsy 6 : Drie mans verkrag 15-jarige meisie in ouerhuis.
- Beeld, 13 November 2001, bladsy 6: Polisie soek 2 kinderverkragters.
- Beeld, 15 November 2001, bladsy 4: Meer as 8 000 kinders jonger as 12 mee gelol.
- Beeld, 15 November 2001, bladsy 8: Al meer seuns in porno-saak: 30 tieners reeds betrokke in sage om twee lektors.
- Beeld, 16 November 2001, bladsy 2: Pa verkrag glo dogter (4) vir 'genesing van MIV'.
- Beeld, 16 November 2001, bladsy 2: Ma kry dogter (5) saam met kaal man (41) op bed.
- Beeld, 19 November 2001, bladsy 4: Nog vas ná kinderverkragting.
- Beeld, 19 November 2001, bladsy 9: Kinders se stil pyn, skande.
- Beeld, 23 November 2001, bladsy 4: Man kry 49 jaar oor hy seuns molesteer.
- Beeld, 24 November 2001, bladsy 2: Meisie (5) kry noodoperasie nadat man haar glo verkrag.
- Beeld, 26 November 2001, bladsy 2: 'Sorry' sal nie help nie, sê Pa. Verdagte in hospitaal ná 'verkragting van kind, geld vir stilswye'.
- Beeld, 27 November 2001, bladsy 6: Oupa in hof oor sesjarige se beweerde verkragting.
- Beeld, 30 November 2001, bladsy 4: Meer kinderverkragtings aangemeld.

Sou daar nie ernstig op terapeutiese vlak, maar ook op voorkomingsvlak aandag gegee word aan hierdie verskynsel nie, kan dit verreikende gevolge inhou vir die samelewing binne tien jaar.

## 1.3 DEFINIËRING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM, BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSDOELWITTE, FORMULERING VAN NAVORSINGSVRAE EN ETIESE ASPEKTE

Navorsing begin met 'n refleksie wat aan die hand van ongestruktureerde gedagtes, vermoedens, vrae of hipoteses plaasvind (Mouton, 1996:65).

### 1.3.1 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

In enige wetenskaplike studie het die probleemstelling 'n fokus-, rigtinggewende en beplanningsbetekenis. Sinvolle vrae fokus die navorser se aandag op dit wat wetenskaplik beskryf moet word en dien as rigtinggewende faktor (Landman, Bondesio, Coetzee & Jacobs, 1987: 45). Hierdie rigtinggewende faktor stel 'n bepaalde verwysingsraamwerk daar, aan die hand waarvan die probleem nagevors kan word (Landman in Maree, 1992: 12). Uit die navorsingsfokus spruit dan toegespitste navorsingsvrae. Navorsing begin aan die hand van ongestruktureerde gedagtes, vermoedens, vrae of hipoteses waaroor daar gereflekteer word (Mouton, 1996: 65).

In die tradisionele benaderings (hoofstuk 2) word die terapeut hoofsaaklik as die ekspert beskou wat die rigting van die terapie bepaal. Hierdie benadering tot terapie lê die kliënt aan bande, aangesien die terapeut volgens 'n eie agenda werk wat nie noodwendig die behoefte van die kliënt aanspreek nie. Die navorser is van mening dat geen enkele benadering die enigste benadering in terapie kan wees nie. Hoewel die navorser narratiewe terapie as uitgangspunt in hierdie studie gebruik, sal die leser dikwels ten tyde van die lees van hierdie dokument voel maar 'dit is nie narratiewe terapie' nie. Die navorser gebruik narratiewe terapie juis omdat hierdie benadering 'n voorstander daarvan is dat terapie nooit beperkend en uitsluitend moet wees nie, maar juis akkommoderend ten opsigte van die kliënt se behoefte maar ook ten opsigte van die terapeutiese tegniek. Dit het tot verskeie vrae gelei waaroor die navorser vir hierdie studie gereflekteer het. Dit kan soos volg saamgevat word:

- Hoe suksesvol kan narratiewe terapie toegepas word by seksueel mishandelde adolessente in samehang met ander psigoterapeutiese benaderings in die lig daarvan dat terapeutiese vorme aanvullend tot mekaar gebruik word?
- Word seksuele mishandeling in alle kultuurgroepe dieselfde beleef? Kan slagoffers oor kultuurgrense heen by mekaar leer hoe om 'n alternatiewe selfnarratief te skryf? Is kruiskulturele ko-terapie moontlik?
- Wat is die impak van seksuele mishandeling op adolessente, die ontwikkelingstake wat hulle moet deurwerk tydens hierdie fase asook hul identiteitsontwikkeling en in hul aanvaarding van volwassenheid?
- Hou die ontwikkelingstake soos deur Erikson daar gestel dieselfde in vir alle adolessente oor verskillende kleurgrense heen?

- Is terapie meer suksesvol wanneer kliënte 'n aktiewe deelname het aan hul eie terapie deur byvoorbeeld fisies deel te neem aan die herstrukturering van die alternatiewe storie?
- Is dit moontlik om 'n ander selfnarratief te skryf na seksuele mishandeling?
- Watter aanbevelings vir terapie kan gemaak word aan terapeute en beraders wat met slagoffers van seksuele mishandeling werk?

**Die kern van hierdie navorsingsprobleem is dus om te bepaal of adolessente uit verskillende kulture ná seksuele mishandeling dieselfde probleme rakende identiteitsontwikkeling ervaar en tot watter mate kliënte gelei kan word om self 'n alternatiewe narratief te skryf na só 'n insident.**

### 1.3.2 NAVORSINGSDOELWITTE

In hierdie studie sal daar gepoog word om die invloed van seksuele mishandeling op die identiteitsvorming van die adolessent te **verstaan**, om te **ontdek** hoe slagoffers van seksuele mishandeling mekaar oor kultuurgrense heen kan help in die verwerking van die trauma en om saam nuwe **betekenis** vir hul lewe te konstrueer.

Die navorsingsdoelwitte van hierdie studie kan dus soos volg saamgevat word:


- Eerstens sal die navorser wil vasstel of seksuele mishandeling binne kruiskulturele konteks verskillend ervaar en vertolk word en hoe dit impakteer op die voltooiing van die ontwikkelingstake deur die adolessent.
- Tweedens sal ko-terapeute gebruik word in die herskryf van die selfnarratief ná seksuele mishandeling. Daar sal ondersoek ingestel word na die mate waartoe 'n ander slagoffer, wat reeds die trauma moes geïntegreer het, positiewe invloed kan uitoefen op iemand wat nog nie die trauma van seksuele mishandeling verwerk het nie.
- Derdens wil die navorser vasstel of sekere vorme van seksuele mishandeling wel minder impakteer op 'n slagoffer se lewe as ander vorme van mishandeling al dan nie.
- Vierdens sal die navorser wil aantoon hoe kliënte aktief kan deelneem aan die fisiese herskrywing van die alternatiewe storie van hul lewe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Vyfdens sal die navorser wil aantoon dat narratiewe terapie funksioneer as 'n aksie- en insiggeoriënteerde terapievorm.

Hierdie studie is dus eerder ondersoekend as verklarend van aard en is gevolglik gerig op die generering van hipoteses eerder as op hipotesetoetsing. Hipoteses is duidelik geformuleerde stellings wat die navorsingsgebied afbaken, die navorsing rig en struktureer (Smit, 183: 29). Bester (1999: 10) gebruik die volgende diagram wat deur Hodgkinson uit Mouton aangepas is om die verskil tussen 'n hipotesegenererende studie en 'n hipotesetoetsende studie aan te dui:

**Figuur 1.1** Hipotesegenererings- en hipotesetoetsingsraamwerke




(Bester, 1999: 10)

### 1.3.3 FORMULERING VAN DIE NAVORSINGSVRAE

Die volgende navorsingsvrae kan aan die hand van die navorsingsprobleem geformuleer word:

- Watter komponente vanuit die tradisionele psigoterapeutiese benaderings is bruikbaar in samehang met narratiewe terapie in die geval van seksueel mishandelde adolessente? (Hoofstukke 2, 6 en 7)

- Wat is die implikasies vir die gebruik van narratiewe terapie binne kruiskulturele konteks? Watter aspekte van narratiewe terapie word gebruik in die herskryf van die selfnarratief? (Hoofstuk 3)
- Watter ontwikkelingsaspekte van die adolessent wat seksueel mishandel is, kon geskaad geword het as gevolg van die mishandeling en sal verreken moet word tydens terapie? (Hoofstuk 4)
- Wat is die impak van seksuele mishandeling en wat is die implikasie daarvan in mense se lewens? (Hoofstuk 5)
- Wat is die impak van seksuele mishandeling in die adolessent se lewe en is dit moontlik om 'n selfnarratief te herskryf na só 'n insident? Is die konsep van identiteitsverwerwing soos gesien deur Erikson van toepassing op adolessente van alle kulture? Kan die adolessent self 'n aktiewe rol speel in die herskrywing van die alternatiewe storie en is daar 'n rol te speel vir ko-terapeute op kruiskulturele gebied? (Hoofstuk 6)
- Watter aanbevelings kan gemaak word voorspruitend uit dié studie? (Hoofstuk 7)

### 1.3.4 ETIESE ASPEKTE

Wanneer mense en hul gedrag die objek van studie is, soos wat dit in hierdie navorsing wel die geval is, bring dit eie, unieke etiese probleme na vore. Die data wat in hierdie studie ingesamel word, is baie persoonlik en sensitief van aard. Die navorser sal die respondente volledig inlig rakende die inhoud van die studie. Kandidate en hul ouers of voogde, indien die adolessente nog minderjarig is, ontvang 'n toestemmingsvorm[6] wat die kernelemente van die navorsingstudie bevat. In 'n persoonlike onderhoud word die doel van die studie dan verder toegelig en alle vrae beantwoord ten einde ingeligte besluitneming te bevorder. Die doel hiervan (Rosnow & Rosenthal, 1996: 61) is om te verseker dat die respondente voordat hulle ooreenkom om deel te neem, ingelig is oor die:

- basiese aard van die studie;
- aard van enige risiko of ongerief vir hulle;
- beplande prosedure om die konfidensialiteit van die data te verseker; en
- vrywillige aard van hul deelname en hul vryheid om ter enige tyd aan die studie te onttrek sonder vooroordeel of gevolg.

---

[6] Aanhangsel C.

Die navorser sal onder andere die volgende etiese riglyne van Kemmis en McTaggart soos neergelê vir aksienavorsers, volg (aangepas uit Cohen, Manion & Morrison, 2000: 68):

- Handhawing van die protokol: Verseker dat alle relevante rolspelers gekonsulteer en ingelig is en dat die nodige toestemming verkry is.
- Kontak ander betrokkenes: Ander belanghebbendes wat 'n inset kan lewer tot die studie sal gekontak en versoek word om 'n bydrae te lewer daartoe deur inligting beskikbaar te stel.
- Onderhandel met slagoffers: Die wense van slagoffers wat nie betrokke wil wees nie sal gerespekteer word.
- Noteer vordering: Hou die ondersoek deursigtig sodat ander betrokkenes 'n bydrae kan lewer.
- Verkry eksplisiete goedkeuring: Dit is van toepassing waar enige dokumentasie ondersoek wil word.
- Onderhandel beskrywings rakende die inhoud wat deur die respondente verskaf is: Laat toe dat die respondente die navorsing beoordeel in terme van billikheid, relevansie en akkuraatheid.
- Onderhandel met ander oor hul uitgangspunt: Laat die deelnemers toe om hul menings weer te gee.
- Verkry eksplisiete goedkeuring voordat aanhalings gebruik word. Dit sluit in: verbatim beskrywings, observasies, ekserpte van oudio- of video-opnames, gevolgtrekkings en aanbevelings.
- Onderhandel om verslag te lewer op verskillende vlakke van bekendmaking: Verskillende lesers benodig verskillende verslaggewing. 'n Konserwatiewe benadering sal gevolg word waar verspreiding van inligting nie beheer kan word nie.
- Verantwoordelikheid sal deur die navorser aanvaar word ten einde konfidensialiteit van die deelnemers te verseker.
- Regte sal voorbehou word ten einde die navorsing te rapporteer: Die navorser sal sorg dra dat die deelnemers tevrede is dat die inhoud billik, regverdig en relevant weergegee is, dat hul identiteit beskerm word, dat dit 'n getroue weergawe van die proses is en dat hulle nie op grond daarvan die navorsingsverslag veto nie.
- Beginsels en prosedures sal bekend gemaak word: Alle moontlike inligting sal onvoorwaardelik aan respondente beskikbaar gestel word sodat respondente 'n ingeligte besluit kan neem rakende hul deelname al dan nie. 'n Na-onderhoud

(*debriefing*) sal aan die einde van elke terapeutiese sessie geskied deurdat respondente insae in die geskrewe vorm oor hul eie sessies sal hê.

## 1.4 NAVORSINGSBENADERING

Die benadering gevolg deur die navorser word bepaal deur die gestelde navorsingsprobleem. In hierdie studie sal daar gepoog word om die invloed van seksuele mishandeling op die identiteitsvorming van die adolessent se selfnarratief te **verstaan**, om te **ontdek** hoe slagoffers van seksuele mishandeling mekaar oor kultuurgrense heen kan help in die verwerking van die trauma en om saam nuwe **betekenis** vir hul lewe te konstrueer. Die terme 'verstaan', 'ontdek' en 'betekenis' is belangrike elemente in die woordeskat wat daarop dui dat 'n kwalitatiewe benadering in hierdie studie gevolg sal word (De Vos, 1998: 46).

### 1.4.1 KWALITATIEWE NAVORSING

Kwalitatiewe navorsing sny heen oor die humaniora of geesteswetenskappe. In kwalitatiewe navorsing is die fokus op 'n **multimetode-werkswyse** waarby 'n verklarende naturalistiese benadering tot die onderwerp inbegrepe is. Dit beteken dat die kwalitatiewe navorser objekte in hul **natuurlike omgewing** bestudeer in 'n poging om die **sin te verstaan** of **fenomeen te verklaar** in terme van die betekenisse wat mense na die navorsers bring of aan hulle voorhou (Denzin & Lincoln, 1998: 3, 6).

Die woord "kwalitatief" impliseer 'n **beklemtoning van prosesse en betekenisse** wat nie nougeset ondersoek of gemeet kan word nie in terme van kwantiteit, intensiteit of frekwensie. Kwalitatiewe navorsers benadruk die **sosiaal-gekonstrueerde** aard van realiteit, die intieme verhouding tussen die navorser en die objek wat bestudeer word asook die situasionele beperkinge wat bepalend is vir die ondersoek.

Kwalitatiewe navorsers is daarop ingestel om die **beperkinge** van die alledaagse sosiale wêreld te **konfronteer**. Hierdie navorsers beklemtoon die waarde-belaaide aard van ondersoeking. Hulle soek na antwoorde op vrae wat klem plaas op die wyse waarop sosiale ervaring gestalte en betekenis kry. By wyse van kontras is kwantitatiewe studie

gemoeid met die meting en analise van kousale verhoudings tussen veranderlikes en nie die prosesse nie (Denzin & Lincoln, 1998: 8, 10).

Drie interverweefde, algemene aktiwiteite omskryf die kwalitatiewe navorsingsproses. Hierdie aktiwiteite word met verskillende etikette aangedui waaronder die teorie, metode en analise; die ontologie of epistemologie en metodologie (Terre Blanche & Durrheim, 1999: 6). Agter hierdie terme staan die persoonlike biografie van die navorser met 'n spesifieke geslagsoriëntasie wie se uitspraak gegrond is op 'n bepaalde klasse-, rasse-, kulturele en etniese gemeenskapsperspektief (Denzin & Lincoln, 1998: 23).

Kwalitatiewe navorsing omvat die **bestudeerde gebruik** en versameling van 'n verskeidenheid empiriese gegewens – gevallestudie, persoonlike ervaring, selfwaarneming, lewensverhaal, waarnemings-, histories-wisselwerkende en visuele onderwerpe – wat die lewensgang van mense met hul problematiese momente en betekenisse beskryf (Denzin & Lincoln, 1994: 3).

Patton (1990:7) is van mening dat kwalitatiewe navorsing die moontlikheid skep om van ander te leer. Deur van ander te leer is om saam betekenis te konstrueer en dit behels 'n proses. Hierdie navorsing sal dus **prosesmatige ontwikkeling** toon. Die navorsingsontwerp is gevolglik voortdurend in 'n proses van konstruksie. Die sosiale konstruksieteorie waarbinne hierdie studie plaasvind, is 'n konstruktivistiese benadering wat deel vorm van die gesprek oor wat werklikheid en kennis van die werklikheid is. Die oorsprong van dié benadering is in die sosiale en taaldomein geleë.

Wanneer wetenskap bedryf word, is navorsers verplig om hul epistemologie of kennisleer te verklaar. Elke wetenskaplike dissipline moet verantwoording kan doen rakende eie aannames ten opsigte van die ontstaan, totstandkoming en betroubaarheid van kennis (Kotzé, 1992: 3).

Vervolgens word hierdie studie binne die navorsingsperspektief geplaas.

#### 1.4.1.1 PARADIGMA

Hierdie studie het nie ten doel om menslike gedrag te verklaar in terme van universeel geldende reëls of veralgemenings nie. Dit sentreer eerder rondom die verstaan en

interpretasie van die betekenis wat onderliggend is aan menslike gedrag. Die aard van hierdie navorsing is dus **interpretatief** van aard (Schurink in De Vos, 1998: 240). Die volgende begrippe kan voorgehou word as die kernelemente van die interpretatiewe benadering (Cohen, Manion & Morrison, 2000: 35):

**Figuur 1.2** Kernelemente vanuit die interpretatiewe paradigma by die bestudering van menslike gedrag

- **Die individu**
- **Klein-skaal navorsing**
- **Voortdurende menslike aksies produseer die sosiale konteks**
- **Nie-statisties**
- **Subjektiwiteit**
- **Persoonlike betrokkenheid van die navorser**
- **Interpretasie van die spesifieke**
- **Verstaan aksies en betekenis in plaas van oorsake**
- **Ondersoek dit wat voor die hand liggend voorkom**
- **Mikro-konsepte**
    - **Persoonlike perspektief**
    - **Persoonlike konstruk**
    - **Onderhandelde betekenis**
    - **Definiëring van situasies**
- **Fenomenoloog**
- **Simboliese interaksies**
- **Etnometodoloog**
- **Praktiese belangstelling**

(aangepas uit Cohen, *et* al., 2000: 35)

#### 1.4.1.2 ONTOLOGIE

Kwalitatiewe navorsers verwerp die nosie van 'n eksterne, objektiewe realiteit. Daar word eerder gepoog om realiteit te verstaan in terme van die ontdekking van betekenis en dat mense in 'n gegewe situasie intensioneel en kreatief gedrag produseer wat verstaan kan word, maar nie voorspel kan word nie (Schurink in De Vos, 1998: 242).

#### 1.4.1.3 EPISTEMOLOGIE

Wetenskap word altyd vanuit 'n bepaalde epistemologie beoefen. Die verskuiwing in die wetenskapsdenke vanaf die modernisme na die postmodernisme is veral geleë op die vlak van wetenskapsepistemologie. White en Epston (in Boje, Alvarez & Schooling, 1999: 1*) werk vanuit 'n poststrukturalistiese epistemologie. Dit gaan in die term "epistemologie"

om die vraag na **hoe** 'n mens dink, waarneem en besluit, en **wat** die mens dink, waarneem en besluit (Kotzé, 1992:4). Die **hoe** en die **wat** van die wete is onskeibaar en daar word daarna verwys as die **dubbele betekenis** van die epistemologie. Die **hoe** en die **wat** van kennis staan in rekursiewe relasie tot mekaar. Die aannames ten opsigte van **hoe** gemeet word, beïnvloed **wat** gemeet word, terwyl dit **wat** gemeet word, weer die **hoe** daarvan beïnvloed.

Die navorser sluit vir die doeleindes van hierdie studie aan by die postmoderne epistemologiese standpunt oor sosiale wetenskappe van Gergen (Dill & Kotzé, 1997: 1-26):

- subjekgesentreerde kennisoriëntasie laat kennis sentreer in die intrinsieke prosesse van die individu soos byvoorbeeld die verstand en emosies;
- volgens die sosiale konstruksieteorie is kennis in verhoudings of gespreksinteraksie gesetel; en
- intertekstuele verhoudings met ander teorieë wat ook 'n sosiale basis vir lewe voorstaan, word beklemtoon.

Volgens Kotze (1992: 3) word die **wat** van kennis gewoonlik in die epistemologie duidelik uitgeklaar, maar die **hoe** van kennis kom nie altyd in dié gesprek tot reg nie. Eers wanneer die **hoe** van kennis verklaar kan word, raak die verband tussen werklikheid en die kennis van hierdie werklikheid duidelik.

Roux (1996:4) is van mening dat die verband tussen werklikheid en kennis van die werklikheid 'n sleutelvraag is rakende die **hoe** van wetenskapsverantwoording. **Hoe** die navorser die werklikheid sien en tot kennis van die werklikheid kom, bepaal die wyse waarop die navorser navorsing sal bedryf.

In hierdie studie is die konstruktivisme en die sosiale konstruksieteorie die epistemologie en metateorie waarbinne narratief en transgeneratief te werk gegaan word. In die konstruktivisme is daar aspekte wat dui op 'n **biologiese** en **neurologiese** fondasie[7], terwyl die sosiale konstruksieteorie weer sterk klem plaas op **sosiale prosesse**, **taal** en **kultuur**. Konstruktivisties en sosiaal-konstruktivisties gesien, weerspieël kennis nie die

---

[7] Sien verduideliking hiervoor onder die opskrif Konstruktivisme (bladsye 14 en 15).

werklikheid nie, maar is dit eerder 'n weerspieëling van die sosiale proses waardeur dit (kennis) tot stand gekom het (Gergen, 1985: 269-270; Gergen & Gergen, 1991: 16).

Konstruktivisme as paradigma binne die postmoderne diskoers en die sosiale konstruksieteorie word vervolgens in oënskou geneem.

### (i) KONSTRUKTIVISME

Die mens ontdek die werklikheid (Watzlawick in Hare-Mustin & Marecek, 1988: 455). Die vraag na **wat** ons kan **weet** en **hoe** ons kan **weet,** word deur Maturana en Varela (in Efran & Lukens, 1985: 24) vanuit 'n biologiese en neurologiese standpunt ondersoek. Die gevolgtrekking waartoe hulle kom, word soos volg deur Roux (1996:6) saamgevat:

- **Lewende sisteme is struktuur-gedetermineerd.** Dit beteken dat sisteme funksioneer in ooreenstemming met hul struktuur. Mense as lewende sisteme kan dus slegs doen waartoe hul eie biologiese struktuur hulle toelaat.
- **Die mens is as 'n biologiese wese 'n waarnemende wese** wat beskryf en onderskei deur middel van woorde of simbole, oftewel taal. Wat mense waarneem, word deur hul eie struktuur bepaal. Die werklikheid word dus nie objektief waargeneem nie.
- **Kennis is nie 'n weergawe van die werklikheid nie**, maar konstrukte in die domein van die taal oor die 'werklikheid'. Mense is observeerders en beskrywers en kan nie uittree vanuit hul kognitiewe domein sonder om hul eie aard of natuur prys te gee nie.

Roux (1996:6) is van oordeel dat die genoemde outeurs nie 'n eksterne realiteit ontken nie, maar dat hulle eerder wil konstateer dat kennis van die werklikheid nie verteenwoordigende status kan hê nie.

Jean Piaget lanseer ook die **beginsel van konstruktivisme binne die ontwikkelingsielkunde.** Hierdie bydrae is die direkte gevolg van twee fundamentele insigte, naamlik:

- dat kognisie konseptuele strukture produseer deur reflektiewe abstraksie van materiaal wat beskikbaar is; en
- dat die funksie van kognisie aanpasbaar is in die biologiese waarnemingsvermoë.

Aanpasbaarheid is nie net 'n aktiwiteit in hierdie verband nie, maar die resultaat van eliminering van nie-aanpassing en nie-funksionering tot die mate waarbinne dit wat oorleef het, aangepas word by die omgewing waarbinne dit kan leef. Die implikasie is dat dit nie daaroor gaan om in te pas by die wêreld nie, maar om **aan te pas** ongeag die struikelblokke wat teenwoordig mag wees (von Glasersfeld in Steier, 1991:16).

Indien ons bogenoemde op kognisie van toepassing kan maak, sal dit beteken dat 'om te weet' nie 'ware voorstelling' van die werklikheid impliseer nie, maar eerder om weë te vind van optrede en denke wat mense kan help om die doelwitte te bereik wat hulle vir hulself gestel het.

Kennis is dus veelvuldig en bring die besef mee dat teorieë slegs konstruksies in taal is. Binne die konstruktivisme geskied alles wat gesê word binne 'n tradisie en het dit slegs betekenis binne daardie tradisie. Wanneer iets buite die konteks van die tradisie gehaal word, verloor dit betekenis. Sou dit dan binne 'n ander konteks geplaas word, kan dit heeltemal iets anders beteken. Probleme ontstaan nie in isolasie nie, maar spruit voort van binne die konteks van die bepaalde tradisie (Varela in Efran, Lukens & Lukens, 1988: 28).

Voorstanders van hierdie benadering maak ook aanspraak daarop dat die trauma van verkragting vertolk moet word binne taal as deel van 'n sosiaal gesanksioneerde narratief (Efran, *et al.*, 1988:29). **Sosiale prosesse**, **taal** en **kultuur** is kernelemente in die sosiale konstruksieteorie wat hierna verder toegelig sal word.

### (ii) DIE SOSIALE KONSTRUKSIETEORIE

Volgens Hoffman (1990:1-12) kyk mense deur verskillende lense na die wêreld en is die basis van die sosiale konstruksieteorie daarin geleë dat mense se siening van die wêreld sosiale uitvindings is. Die sosiale konstruksieteorie berus op die volgende aannames:

- **Kennis as sosiale konstruksie**: Deur die ontwikkeling van kennis te beskou as sosiale fenomeen, poog die sosiale konstruksie om die eeue-oue dualisme tussen idealisme en realisme te oorbrug (Gergen, 1985: 269-270; Hoffman, 1990: 3). Die mens se kennis en idees van die wêreld word dus as sosiale skeppinge beskou.

- **Taal as sosiale fenomeen**: Die klem wat in sosiale konstruksie geplaas word op sosiale prosesse lei tot verdere beklemtoning van taal as sosiale fenomeen. Taal is 'n deelnemende aktiwiteit. Gergen (1985: 272) gebruik die begrip *sociorationalism* om daarmee aan te dui dat die lokus van wetenskaplike rasionaliteit nie in die individu nie, maar in die sosiale domein geleë is. Woorde en kennis kan nie beskou word as weerspieëlings van die werklikheid nie, maar eerder as uitdrukking van groepskonvensie (Gergen & Gergen in Steier, 1991: 119). Só beskou, is taal belangrik, aangesien kennis dus linguistiese konstruksie is. Volgens Anderson & Goolishian (1988:377) het menslike sisteme slegs bestaansreg binne die domein van betekenis of intersubjektiewe linguistiese realiteite. In die domein van betekenis is sosiale sisteme kommunikasienetwerke wat in en deur taal onderskei word.
- **Die individu as relasionele wese**: Die individu konstitueer 'n eie sosiale omgewing deur die verhoudings waarbinne die persoon beweeg. Kommunikasie en gesprekvoering konstitueer menswees en nie die feit dat die mens kan dink nie. Sosiale dimensie verkry dinamiese betekenis deurdat die mens 'n denkende wese is. Deur te dink kan mense met hulself en andere kommunikeer. Denke en kommunikasie is taalgebeure.
- **Die antropologie van die sosiale konstruksie**: Bogenoemde dui reeds aan dat sosiale konstruksie 'n duidelike antropologiese standpunt het en dat die vertrekpunt in die sosiale aard van die mens geleë is. Die antropologiese standpunte van die sosiale konstruksie is deur Kotzé (1992:71) soos volg opgesom:
  - Mense is sosiale wesens en hul bestaan as individue word bepaal deur hul sosiale omgewing.
  - As sosiale wesens leef mense in die domein van taal. Taal is sosiale konstrukte van betekenis waaraan mense deelneem.
  - Inherent aan elke sosiale sisteem is waardes en norme waardeur die sosiale verhoudings en bestaan moontlik gemaak word. Daarsonder sou die mens as sosiale wese nie kon bestaan nie.

Die grondliggende idees van die sosiale konstruksieteorie beklemtoon dus die **sosiale dimensie van menswees** ten opsigte van kennis en antropologie, asook die **deelname** van mense in taal ten einde 'n **realiteit** te skep waarbinne gelewe word.

## 1.4.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS

In kwalitatiewe navorsing word die navorsingsontwerp bepaal deur die navorsers se keuses en aksies wat hulle in die studie neem. Denzin & Lincoln (1994: 202-208) het verskillende strategieë geïdentifiseer waarvolgens kwalitatiewe navorsing uitgevoer kan word. Die volgende is van toepassing in hierdie studie:

### 1.4.2.1 ETNOGRAFIE, FENOMENOLOGIE EN ETNOMETODOLOGIE

Etnografie, fenomenologie en etnometodologie bestudeer die menslike fenomeen. Hierdie strategieë word gekenmerk deur **observasie** en **beskrywing** van die gedrag van mense en die betekenis wat deur hul aksies daaraan geheg word. Die data-analise berus op interpretasie en beskrywing van die fenomeen. **Die hoofdoel is dus die objektiewe beskrywing van geleefde ervarings**. Fenomenoloë en etnometodoloë bestudeer ook geleefde ervarings binne sosiale konteks ( Schurink in De Vos, 1998: 244).

### 1.4.2.2 AKSIENAVORSING

Dick (1993: 1-6*) beskou aksienavorsing as 'n **metodologie** wat daarop gerig is om aksie- en navorsingsuitkomste na vore te bring.

Aksienavorsing behels dat die navorser meer noukeurig beplan, optree, observeer en reflekteer as wat gewoonlik vereis word in die alledaagse lewe (Hodgkinson & Maree, 1998: 51). Alhoewel aksienavorsing wyd erken word in die navorsingsveld, is daar geen enkele universeel aanvaarde definisie nie, aangesien aksienavorsing op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Die volgende is egter algemene karaktertrekke van aksienavorsing (soos oorgeneem uit Hodgkinson & Maree, 1998: 53-54):


- Situasioneel: dit is gemoeid met die diagnosering van 'n probleem binne 'n spesifieke konteks in 'n poging om dit binne daardie konteks op te los (Cohen & Manion, 1994: 186).
- Kollaboratief: dit behels gewoonlik (hoewel nie noodwendig nie) spanne praktisyns en navorsers (Cohen & Manion, 1994: 186).

- Deelnemend: die navorser word nie beskou as 'n kundige van buite wat besig is met die ondervraging van subjekte nie, maar as 'n medewerker wat navorsing doen met en vir die persone wat die probleem prakties beleef en dat dit kan lei tot die werklike oplossing of verbetering van die probleem (Zuber-Skerritt, 1992: 12-13).
- Self-evaluerend: dit omvat die modifikasies wat voortdurend geëvalueer word binne die voortgaande situasie met die uiteindelike doelwitte om die praktyk op die een of ander manier te verbeter (Cohen & Manion, 1994: 186).
- Prakties en teoreties: dit poog om die twee sentrale vraagstukke te verenig – verbetering van die praktyk en vermeerderde kennis en begrip – deur dit te koppel binne 'n geïntegreerde siklus van aktiwiteite waarbinne elke fase leer vanuit die vorige een en terselfdertyd vorm gee aan die daaropvolgende een (Winter, 1989: 11).
- Interpretatief (verklarend): dit word nie sonder meer aanvaar dat sosiale ondervraging sal uitloop op die navorser se positivistiese verklarings gebaseer op die reg-of-verkeerd antwoorde vervat in die navorser se vraelys nie, maar in oplossings gebaseer op die siening en interpretasie van die persone wat by die ondervraging betrokke is (Zuber-Skerritt, 1992: 13).
- Krities: die kritiese gemeenskap of deelnemers soek nie slegs na praktiese verbeteringe in hul werk binne die gegewe sosio-politieke verhinderings nie; hulle tree ook op as kritiese en self-kritiese veranderingsagente met betrekking tot sodanige verhindering; hulle verander hul omgewing en ondergaan ook verandering in die proses (Zuber-Skerritt, 1992: 14).
- Aaneenlopend: die taak is nie voltooi wanneer die projek eindig nie; die deelnemers gaan voort om die praktyk te hersien, te evalueer en te verbeter (Bell, 1987:5).

Verskillende modelle waarvolgens aksienavorsing kan geskied, word in die literatuur aangetref. Voorbeelde hiervan is dié van Elliott se stapsgewyse aksienavorsingsmodel, Ebbutt se aksienavorsingsmodel, McLean se sikliese aksienavorsingsmodel, Zuber-Skerritt se viermoment aksienavorsingsmodel, Kemmis se spirale aksienavorsingsmodel en Stringer se interaktiewe spirale aksienavorsingsmodel (Hodgkinson & Maree, 1998: 52-60).

Die navorser gebruik Stringer se interaktiewe spirale aksienavorsingsmodel. Hierdie model maak voorsiening vir opeenvolgende siklusse in die proses van aksienavorsing. Hierdie interaktiewe spiraal word soos volg voorgestel:

**Figuur 1.3** Stringer se interaktiewe spirale navorsingsmodel




(Stringer, 1996: 17)

Diagrammaties kan Stringer se model soos volg voorgestel word wanneer dit gebruik word as aksienavorsingsroetine:

**Figuur 1.4** 'n Aksienavorsingsroetine

| **'n Basiese Aksienavorsingsroetine** | |
|---|---|
| KYK | • versamel data (data-insameling)<br>• bou van prentjie: beskryf die situasie (definieer en beskryf) |
| DINK | • eksploreer en analiseer: wat gebeur hier (hipotetiseer)<br>• interpreteer en verduidelik: hoekom / waarom is dinge soos dit is? (teoretiseer) |
| AKSIE | • implementeer<br>• evalueer |

(Stringer, 1999: 18)

Die stapsgewyse, sikliese en spirale aksienavorsingsmodelle definieer verskillende stappe in die aksienavorsingsproses. Die verskillende modelle volg in 'n groot mate dieselfde stappe. Aangesien hierdie 'n postmodernistiese studie is wat insluiting en eklektisisme voorstaan, gaan die navorser eerder die navorsingstappe selekteer van Zuber-Skerritt (1992), Kemmis en McTaggart (1981) en McLean (1995) soos oorgeneem uit Hodgkinson & Maree (1998: 52-60).

Die volgende is die aksienavorsingstappe soos gevolg in hierdie studie:

**Figuur 1.5** Aksienavorsingstappe van toepassing in hierdie studie

| **Aksienavorsingstappe gevolg in hierdie studie** | |
|---|---|
| 1. BEPLANNING | • identifisering van idee<br>• formulering van probleem binne konteks<br>• formulering van vrae van belang<br>• bestudeer literatuur<br>• modifiseer vrae<br>• definieer strategie<br>• prioritiseer aktiwiteite |
| 2. IMPLEMENTERING | • identifisering van kriteria van optrede<br>• implementering van intervensie |
| 3. OBSERVASIE | • versamel inligting<br>• klassifiseer en analiseer data<br>• moniteer effekte<br>• noteer probleme |
| 4. EVALUERING | • analiseer uitkomste<br>• beoordeel effektiwiteit<br>• maak aanbevelings<br>• hersien plan |

## 1.5 METODES VAN DATA-INSAMELING EN ANALISE

Die navorsingsontwerp, wat gedefinieer word as die bloudruk of gedetailleerde plan waarvolgens die navorsingstudie uitgevoer word, dien as 'n gids waarvolgens die data vir die studie ingesamel sal word (De Vos & Fouché, 1998: 81-82).

### 1.5.1 NAVORSINGSONTWERP

In die onderhawige studie word twee ontwerpe gekombineer, te wete eksploratiewe en beskrywende ontwerp. Beide word vervolgens bespreek.

- Eksploratiewe ontwerp: Volgens Mouton & Marais (1990:43) is die doelwit van 'n eksploratiewe ontwerp om 'n relatiewe onbekende navorsingsarea te ontgin. Die oogmerk daarvan is om:
    - nuwe insig rakende die fenomeen te verwerf;
    - 'n voorlopige ondersoek te loods voordat daar 'n meer gestruktureerde studie oor die fenomeen onderneem word;

- sentrale konsepte en konstrukte te verken;
- prioriteite vir toekomstige studies te identifiseer; en
- nuwe hipoteses te ontwikkel rakende die huidige fenomeen.

Tydens eksplorasie sal daar ook gekyk word na literatuur oor die onderwerp soos dit tans bestaan. Dit sal beskryf word. Met dié ondersoek sal gepoog word om:

- bestaande literatuur en navorsing oor die onderwerp te ondersoek;
- die navorsingsprobleem binne teoretiese perspektief te plaas;
- alternatiewe teorieë te identifiseer ten einde lig te werp op die probleem;
- beter begrip te verkry rondom die verskynsel van seksuele mishandeling; en
- sentrale konsepte te identifiseer (Fouché & De Vos in De Vos, 1998: 67-68).

De Wet, Monteith, Venter en Steyn (1981:12) wys daarop dat 'n navorser op grond van 'n analise van bestaande literatuur tot nuwe insigte kan kom en 'n nuwe teorie of model ontwerp wat 'n beter verklaring vir bestaande gegewens bied.

- Beskrywende ontwerp: In beskrywende navorsing val die klem in die ondersoek op die noukeurige beskrywing van die situasie of 'n weergawe van dit wat gedragsmatig gebeur. 'n Beskrywende oriëntasie is die eerste stap in die ontwikkeling van 'n program aangesien dit die rigting aandui vir verdere optrede en implementering. Dit is egter nie genoeg nie, want die navorser wil ook die waarom en die hoe uitvind wat in relasie staan tot die situasie of gebeure. Selfs al is die navorsing nie gerig op die praktiese implikasies om tot kennis te kom oor die oorsake of oplossings nie, word die verstaan van die gebeure verryk en kan dit lei tot die voorkoming van soortgelyke gebeure (Rosnow & Rosenthal, 1996: 15).

'n Voorbeeld van eksploratiewe ontwerp is **gevallestudienavorsing** wat gewoonlik beskrywend van aard is en inligting verskaf oor individue of spesifieke situasies (Fouché en De Vos in De Vos, 1998: 124; Terre Blanche & Durrheim, 1999: 255). Gevallestudies is nie soseer 'n metodologiese keuse nie, maar eerder die keuse van 'n **objek wat bestudeer word**. Gevallestudienavorsing is van waarde wanneer teorieë verfyn moet word, maar ook om voorstelle te genereer van kompleksiteite vir verdere ondersoek. Dit lewer ook 'n bydrae om die grense vir veralgemenings daar te stel (Stake in Denzin & Lincoln, 1998: 86, 104).



i 16115107
b 15481700

Sturman (in Keeves, 1997: 63) verwys na vier metodes aan die hand waarvan gevallestudienavorsing voltrek kan word, naamlik:

- **Etnografiese** gevallestudies wat 'n enkele, in-diepte studie behels en wat gewoonlik aan die hand van deelnemer-observasie en onderhoudvoering voltrek word.
- **Aksienavorsing**-gevallestudies waar die fokus daarop gerig is om verandering in die gevallestudie te bewerkstellig (reeds bespreek onder 1.4.2.2).
- **Evaluerende** gevallestudies wat die evaluering van programme behels.
- **Opvoedkundige** gevallestudies wat ontwerp is om begrip vir opvoedkundige situasies te verbeter.

Die vertrekpunt vir ondersoek in hierdie studie is die bestudering van **vyf gevalle** en **verskille en ooreenkomste** sal aangedui word rakende die onderwerp wat bestudeer word. Volgens Mouton en Marais (1990: 15) is hierdie benadering eie aan die aard van gevallestudies. Aangesien die bestudering van gevalle in terme van die onmiddellike konteks of kader plaasvind, beteken dit dat hierdie navorsingstrategie kontekstueel van aard is (Mouton & Marais, 1990: 15). Die navorsingsontwerp van hierdie studie is dus beskrywend én eksploratief soos reeds aangetoon.

### 1.5.2 PLAN VAN IMPLEMENTERING

In die lig van die voorafgaande sal die navorser soos volg te werk gaan: Alle gevalle van seksuele mishandeling wat

- aanmeld in die navorser se praktyk en
- wat tydens gemeenskapsdiens deur die navorser gespreek word

wat voldoen aan die kriteria vir die navorsingstudie, sal genader word om hulself beskikbaar te stel vir die projek.

Kandidate vir die navorsingsprojek kan 'n vrye keuse uitoefen om deel te wees van die projek al dan nie. Die gebruik van hierdie kandidate dui dan op 'n nie-waarskynlikheid-steekproefneming vanweë die toeganklikheid van die persone.

### 1.5.3 STEEKPROEF

Die steekproef vir hierdie kwalitatiewe studie is saamgestel uit blanke, bruin en swart kulture, ongeag geslag, ten einde te voldoen aan die eis van 'n kruiskulturele studie. Die ideaal is om op só 'n wyse te diversifiseer dat die veranderlikes van kultuur- en geslagsgroep toepaslik verreken word by die steekproefseleksie.

Die proefpersone of respondente word gekies uit die universum of **populasie** waarop die studie betrekking het. Die populasie van 'n navorsingsprojek kan gedefinieer word as die totale groep persone of omvattende versameling items (elemente) waarop die studie betrekking het (Steyn, Smit & Du Toit, 1982: 13). In die geval van hierdie studie is die populasie alle adolessente wat seksueel mishandel is. 'n Fraksie van die populasie word die **steekproef** genoem (Rosnow & Rosenthal, 1996: 188). Die steekproef is verteenwoordigend van die populasie waaruit dit geneem word. Die steekproef in hierdie studie is die respondente wat deelgeneem het aan hierdie navorsing. Die **steekproefneming** is die proses waardeur gevalle geselekteer word vir insluiting in 'n navorsingstudie.

Vir die doel van hierdie studie sal daar van nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik gemaak word. In nie-waarskynlikheidsteekproefneming word die steekproef nie geselekteer volgens die beginsel van statistiese reëlmaat nie, maar eerder op grond van **gerieflikheid** en **toeganklikheid** (Van Vuuren en Maree in Terre Blanche & Durrheim, 1999: 279). Gabor en Nachmias (in De Vos, 1998: 198) noem hierdie tipe steekproefneming ook gerieflikheids- of beskikbaarheidsteekproefneming. **Hierdie steekproefneming kan beskryf word as gevalle wat op die navorser se pad kom, wat inpas by die fenomeen wat bestudeer word en wat ingesluit word by die steekproefneming totdat die aantal gevalle vir die studie verkry is** (Strydom en De Vos in De Vos, 1998: 198).

Die steekproefneming waarop besluit word, moet toepaslik wees op al die genoemde faktore indien **geldigheid** en **betroubaarheid** verseker wil word.

### 1.5.3.1 METODES OM GELDIGHEID TE VERSEKER

**Geldigheid** is 'n belangrike faktor wanneer effektiewe navorsing verseker wil word. Indien slegs 'n gedeelte van die navorsing ongeldig is, is die navorsingstudie waardeloos. Kvale (1996: 242) is van mening dat geldigheid nie 'n mate van finale verifikasie of produkkontrole is nie, maar dat verifikasie in die navorsingsproses ingebou word met voortdurende kontrole ten opsigte van geloofwaardigheid, aanneemlikheid en betroubaarheid van die bevindings.

In 'n bespreking rakende narratiewe navorsing konseptualiseer Misha (in Kvale, 1996: 245) geldigheid as sosiale konstruksie van geldigheid. Geldige eise oor kennis ontstaan in 'n diskoers waarbinne die resultate van die studie erken word as betroubaar en wat gebruik kan word deur ander navorsers in hul werk. Geldigheid is 'n voorvereiste in kwalitatiewe én kwantitatiewe navorsing. Beide hierdie benaderings kan interne en eksterne geldigheid adresseer.

#### (i) METODES OM INTERNE GELDIGHEID TE VERSEKER

**Interne geldigheid** wil demonstreer dat die eksplorasie van 'n besondere gebeurlikheid, kwessie of stel data wat deur 'n stuk navorsing voorsien word in werklikheid deur die data gesteun kan word (Cohen, *et al.*, 2000: 107). Die bevindings moet die fenomeen wat nagevors is akkuraat beskryf.

Die kriteria vir interne geldigheid is volgens Mouton & Marais (1990: 52-53) die volgende:

- Konstrukte wat gemeet word, lewer geldige metings op.
- Die ingesamelde data is akkuraat en betroubaar.
- Die ontleding bly getrou aan die data.
- Die finale gevolgtrekkings word deur die data ondersteun.

Vir die doeleindes van hierdie studie beteken bogenoemde kriteria vir interne geldigheid die volgende:

- Die gevallestudies sal fokus op die navorsingsprobleem soos gestel, naamlik 'n ondersoek na kruiskulturele, narratiewe terapie vir adolessente wat seksueel mishandel is.

- Alle data in die onderhawige gevallestudies sal werklikheidsgetrou weergegee word.
- Die bespreking (analise en sintese) van die data sal getrou wees aan die vergestalting daarvan binne die terapeutiese proses.
- Alle gevolgtrekkings sal begrond wees deur die bespreekte data soos wat dit in die terapeutiese proses na vore getree het.

Geldigheid in hierdie studie is verder verseker deurdat die navorser gebruik gemaak het van 'n onafhanklike kodeerder (sien 1.5.5 en voetnota 8) ten tyde van die ontleding van die data. Die inhoud van die terapiesessies is ook aan die respondente teruggehandig daarin dat hulle dit kon verifieer en aktief betrokke was tydens die herskryf van hul eie stories.

### (ii) METODES OM EKSTERNE GELDIGHEID TE VERSEKER

**Eksterne geldigheid** verwys na die mate waartoe resultate veralgemeen kan word na die breër populasie, geval of situasie (Cohen, *et al.*, 2000: 109). Veralgemening is problematies. Veralgemening kan in kwalitatiewe navorsing geïnterpreteer word as vergelykend en oordraagbaar. Schofield (in Cohen, *et al.*, 2000: 109) stel voor dat kwalitatiewe navorsing so duidelik as moontlik weergegee moet word sodat die leser self kan besluit in watter mate veralgemening vanaf een situasie na 'n ander situasie gedoen kan word.

Ten einde eksterne geldigheid te verseker sal die navorser die volgende strategieë implementeer vir hierdie studie:

- 'n gedetailleerde beskrywing van die fokus van die studie word weergegee (1.3);
- die rol van die navorser sal gestipuleer word (sien 1.5.3.5);
- die basis vir seleksie van die deelnemers sal verklaar word (1.5.2; 1.5.3 en 6.2.4.2); asook
- die konteks waarbinne die data ingesamel gaan word (1.5.4).

### 1.5.3.2 METODES OM BETROUBAARHEID TE VERSEKER

**Betroubaarheid** word in ag geneem deur aandag te gee aan die veranderlikes wat betroubaarheid mag bedreig (Mouton & Marais, 1990: 81). Cohen, *et al.*, (2000:119) gebruik die kriteria van Denzin en Lincoln ten einde betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te bevorder:

- Stabiliteit van observasies: sou die navorser dieselfde observasies gemaak het indien dit gedoen is op 'n ander plek en in 'n ander tydgleuf?
- Parallelle vorme: sou die navorser dieselfde observasies gemaak het en tot dieselfde interpretasie gekom het indien daar aandag gegee is aan 'n ander fenomeen tydens observasie?
- Inter-beoordelingsbetroubaarheid: Sou 'n ander navorser wat werk vanuit dieselfde teoretiese raamwerk en wat dieselfde fenomeen observeer tot dieselfde gevolgtrekking gekom het?

In kwalitatiewe navorsing kan betroubaarheid geag word as die passtuk tussen die data van die navorser en dit wat in die werklikheid gebeur. Kvale (1996: 181) wys daarop dat dit nie noodwendig op onbetroubaarheid van data sou dui indien verskillende interpretasies van data uit gevallestudies gemaak word nie. Dit is wel moontlik om verskillende interpretasies uit dié data te maak.

In kwalitatiewe navorsing beteken betroubaarheid volgens Cohen, *et al.*,(2000:120) die volgende:

- getrouheid aan die werklikheid;
- konteks- en situasiespesifiekheid;
- egtheid;
- omvattendheid;
- aandag aan detail;
- eerlikheid;
- in-diepte response; en
- betekenisvolheid vir die respondente.

Die volgende strategieë (Sturman in Keeves, 1997: 65) sal aangewend word om die betroubaarheid van gevallestudienavorsing te verhoog:

- Die prosedure wat gevolg word om die data te versamel, sal beskryf word.

- Die data wat versamel word, sal beskikbaar gestel word vir heranalise.
- Negatiewe momente sal vermeld word.
- Vooroordele sal verreken word.
- Veldwerkanalises sal aangeteken word.
- Die verhouding tussen bewerings en verklarings sal verhelder word.
- Primêre en sekondêre verklarings sal van mekaar onderskei word.
- 'n Dagboek sal gehou word van die verskillende fases van die studie.
- Metodes sal ontwerp word om die kwaliteit van die data wat versamel is, te beoordeel.

### 1.5.3.3 DIE NAVORSER AS INSTRUMENT

Kwalitatiewe metodologie berus op die aanname dat 'n geldige begrip en insig verkry kan word deur middel van akkumulatiewe kennis wat eerstehands verkry word deur 'n enkele navorser (Fouché en De Vos, 1998: 72). In kwalitatiewe navorsing is die navorser in noue kontak met die deelnemers. Die rol van die navorser is baie belangrik. Die kwalitatiewe navorser gebruik onderhoude om inligting rondom die navorsingsvraag te genereer (Rudestam & Newton, 1992: 76). Volgens De Vos en Fouché (1998: 80) is die doel van die navorser in hierdie tipe navorsing om deelnemers te bemagtig of toe te rus om hulself te help. **Die deelnemers aan hierdie navorsingsprojek word reeds vanaf die eerste sessie aan die hand van die model soos verduidelik in hoofstuk 3 (3.3) gelei om 'n alternatiewe selfnarratief te begin skryf**.

### 1.5.3.4 ETIESE OORWEGINGS

Navorsing impliseer korrekte etiese optrede ten einde resultate getrou en waar weer te gee en om deelnemers aan die navorsing te beskerm. Die volgende word deur Strydom (in De Vos, 1998:24) aangedui:

- Die navorsing moet 'n doeltreffende en betekenisvolle bydrae lewer tot menslike welsyn in die eerste plek en tot die wetenskap van die sielkunde in die tweede plek.
- Die navorsing moet eties aanvaarbaar wees. Die deelnemers moet vrywillig aan die navorsing deelneem.

- Daar moet altyd op 'n etiese wyse teenoor die deelnemers aan die navorsing opgetree word en hulle mag op geen wyse deur die navorser mislei word nie.
- Deelnemers aan die navorsing se verpligtinge en verantwoordelikhede moet vroegtydig en op 'n billike wyse uiteengesit en geïmplementeer word.
- Die reg van die individu om ter enige tyd verdere deelname aan die navorsing te weier of daaraan te onttrek, moet eerbiedig word.
- Die deelnemers aan die navorsing moet te alle tye teen enige liggaamlike en geestelike bedreiging of ongemak beskerm word.
- Die deelnemers se identiteit mag nie bekend gemaak word nie en vertroulikheid moet verseker word. Daar mag nooit op die privaatheid van die deelnemers inbreuk gemaak word nie.
- Die navorser se optrede moet te alle tye eties korrek wees en van bekwaamheid getuig.

### 1.5.4 DATA-INSAMELINGSMETODES

Die **multi-metodale** benadering kan gevolg word tydens data-insameling ten einde die betroubaarheid van observasies te verhoog (Mouton, 1996: 156). Volgens Mouton (1996: 157) het elke metode unieke beperkings. Deur van verskillende data-insamelingsmetodes gebruik te maak, kan daar gekompenseer word vir die beperkings van elkeen.

Die **metodes** waarvolgens inligting vir hierdie studie ingesamel word, sluit in dokumentasie en onderhoude.

- **Dokumentasie**

  Die dokumentasievorme wat in hierdie studie gebruik sal word, kan enige van die volgende insluit:
  - briewe;
  - boeke;
  - dagboeke;
  - foto's;
  - koerantartikels;
  - radio-onderhoude;
  - tydskrifartikels;
  - literatuur geskryf deur ander slagoffers;

- videobande; en
- enige ander dokumente wat deur die deelnemers voorsien word.

In die loop van hierdie studie word sekere van die genoemde dokumentasievorme veral tydens terapie gebruik in die herskrywing van die selfnarratief.

- **Onderhoude**

Data-insameling in hierdie studie sal ook geskied in die formaat van ongestruktureerde onderhoude. Die term "ongestruktureerde onderhoude" is slegs een van baie terme wat gebruik word om te verwys na 'n spesifieke styl van onderhoudvoering soos wat gebruik word deur kwalitatiewe navorsers. Ander terme wat as sinonieme gebruik word vir ongestruktureerde onderhoude is: in-diepte onderhoude, gespreksonderhoude, narratiewe onderhoude, kreatiewe onderhoude, aktiewe onderhoude en non-direktiewe onderhoude.

Alhoewel die term "ongestruktureerde onderhoud" die mees algemene term is, sal daar in hierdie studie ook die term "narratiewe onderhoud" gebruik word. Ongestruktureerde of narratiewe onderhoude word nie as sinoniem gereken vir die term 'kliniese navorsingsonderhoud' nie. Kwalitatiewe navorsers is nié non-direktief nie. Hulle gee rigting aan die onderhoude op grond van 'n definitiewe navorsingsagenda ten einde inligting te versamel rakende die spesifieke fenomeen wat bestudeer word. Narratiewe onderhoude kan beskryf word as sosiale interaksie met die oog daarop om inligting te bekom wat navorsingsrelevant is (Schurink in De Vos, 1998:298-299).

Die metodologiese dimensie van onderhoudvoering bepaal **hoe** die onderhoud gevoer word. In kwalitatiewe navorsing is daar 'n wegbeweeg van 'n pre-strukturele, gestruktureerde vorm van onderhoud na oop-einde en semi-gestruktureerde onderhoudvoering (Cohen, *et al.*, 2000: 14). Die metodologie wat ten tyde van hierdie studie gebruik sal word, is 'n kombinasie van die oop-einde en semi-gestruktureerde onderhoud.

- Oop-einde-onderhoude: In hierdie onderhoude vra die navorser die respondente om **hul eie insigte** rakende sekere onderwerpe en mag dan hierdie voorstelle gebruik as die basis vir verdere navraag. Die respondent in hierdie tipe onderhoud funksioneer dan as 'n 'informant' wat 'n kritiese bydrae lewer tot die sukses van gevallestudienavorsing (Yin, 1994: 81-82). Oop-einde

onderhoude plaas **minimum beperkings op die antwoorde** en klemplasing wat die respondent wil gee. Die oop-einde vraagstelling hou die volgende voordele in:

- Dit is buigbaar.
- Dit laat die navorser toe om na meer in-diepte antwoorde te soek.
- Misverstande kan opgeklaar word.
- Dit laat die navorser toe om die maksimum kennis van die respondent te ontgin.
- Dit moedig ko-operasie of samewerking aan en help in die vestiging van die gesprek.
- Dit laat die navorser toe om 'n meer getroue weergawe van die fenomeen na te vors (Cohen, *et al.*, 2000: 275).

- Semi-gestruktureerde onderhoude: In hierdie tipe onderhoud word die onderhoudskedule (dit is die temas en vrae wat nagevors wil word) uitgeskryf, maar die vrae hoef nie noodwendig in dieselfde volgorde of in presies dieselfde woorde aan al die respondente gestel te word nie. Die onderhoud kan steeds 'n oop-einde-formaat aanneem en moontlik uitloop op 'n gespreksituasie. Dit is egter meer waarskynlik dat die terapeut sal werk met 'n sekere stel vrae wat ontleen is aan 'n gevallestudie-protokol (Yin, 1994: 84-85). Die volgende word ingesluit by die onderhoudskedule:
  - Die onderwerp wat bespreek word.
  - Spesifieke moontlike vrae wat mag voortspruit uit die onderwerp.
  - Die moontlike verskille voortspruitend uit elke onderwerp tesame met moontlike vrae daaroor.
  - 'n Reeks vrae rakende elke onderwerp, twispunt en vraag (Cohen, *et al.*, 2000: 278).

Tydens hierdie studie sal die oop-einde en semi-gestruktureerde onderhoude komplementêr en neweskikkend tot mekaar gebruik word.

Inligting sal tydens die onderhoude **ingesamel** word deur gebruik te maak van oudio-opnames, video-opnames of die afneem van veldnotas. Hierdie instrument van insameling sal slegs gevolg word indien die respondente toestemming verleen daartoe of indien die hulpmiddels nie steurend inwerk op die navorsingsonderhoude nie (Yin, 1994: 86). Volgens Schurinck, Schurinck en Poggenpoel (in De Vos, 1998: 330) moet

dit ook duidelik aan respondente gestel word dat hulle nie onbepaald gebind word aan hul toestemming tot opname nie en dat hulle van plan mag verander of dat hulle mag vra vir uitsit-tyd.

### 1.5.5 DATA-ANALISE

Analise van die data sentreer rondom die organisering, interpretasie en verduideliking van die data. Dit beteken dus om sin te genereer uit die deelnemers se definisie van die situasie, patrone te noteer, temas, kategorieë en reëlmatigheid te identifiseer. In kwalitatiewe navorsing begin data-analise reeds tydens die proses van data-insameling. Redes wat hiervoor aangebied kan word, is:

- Op 'n praktiese vlak lei vroeë data-analise daartoe dat die moontlikheid van fokus op onnodige data reeds vroeg uitgeskakel word. Hierdie is dus 'n belangrike element van datareduksie en -seleksie.
- Op 'n teoretiese vlak lei vroeë data-analise daartoe dat daar reeds vroeg tydens die data-insamelingsproses begin kan word met teoretisering van die gegewens (Cohen, *et al.*, 2000: 149-150).

Op beide vlakke vind data-analise in verskillende fases plaas, te wete:

- die veralgemening van natuurlike eenhede van betekenis;
- klassifisering, kategorisering en ordening van eenhede van betekenis;
- strukturering van narratiewe deur inhoud van onderhoude te beskryf; en
- interpretasie van onderhoudsdata (Cohen, *et al.*, 2000: 282).

Data-analise sal geskied volgens die agt stappe van Tesch (Poggenpoel in De Vos, 1998: 343-344):

- Stap 1: Die navorser behoort 'n begrip van die geheel te verkry deur al die transkripsies aandagtig deur te lees. Die navorser kan dan sekere gedagtes neerskryf soos dit na vore kom.
- Stap 2: Die navorser selekteer een onderhoud – byvoorbeeld die interessantste, die kortste, die een heel bo-op die stapel – en werk daardeur met die vraag 'waaroor gaan dit?' Daar word ook gereflekteer oor die onderliggende betekenis van die inligting. Weereens kan gedagtes wat na vore kom in die kantlyn aangestip word.

- Stap 3: Wanneer die navorser hierdie taak voltooi het ten opsigte van 'n aantal respondente, word 'n lys van al die onderwerpe saamgestel. Enersluidende onderwerpe word saamgegroepeer en gerangskik in kolomme wat onderskei word as vernaamste onderwerpe, unieke onderwerpe en oorskietmateriaal.
- Stap 4: Die navorser neem die lys en keer terug na die data. Die onderwerpe word afgekort as kodes en dié kodes word ingeskryf naas die toepaslike segmente van die teks. Die navorser eksperimenteer met hierdie voorlopige organiseringskema ten einde vas te stel of nuwe kategorieë of kodes te voorskyn kom.
- Stap 5: Die navorser stel die mees beskrywende bewoording vir die onderwerpe vas en verander dit in kategorieë. Sodoende poog die navorser om die totale lys van kategorieë te verminder deur die saamgroepering van onderwerpe wat met mekaar verband hou. Lyne word getrek tussen die kategorieë ten einde interverwantskap aan te dui.
- Stap 6: Die navorser maak 'n finale besluit oor die afkorting van elke kategorie en rangskik die kodes in alfabetiese volgorde.
- Stap 7: Die datamateriaal wat aan elke kategorie behoort, word in een plek saamgevoeg en 'n voorlopige analise word gedoen.
- Stap 8: Die navorser herkodeer bestaande data indien nodig.

Die navorser gebruik in hierdie studie ook 'n onafhanklike kodeerder[8] wat onderlê is in narratiewe terapie as benaderingsvorm. 'n Protokol oor die metode om die data te analiseer (Aanhangsel E) sal opgestel word en aan die kodeerder gegee word. Die onafhanklike kodeerder sal 'n skoon stel data ontvang om te analiseer. Die navorser en onafhanklike kodeerder sal tydens 'n konsensusgesprek die temas verfyn.

## 1.6 VERSLAGLEWERING

'n Navorsingsverslag is 'n manier van kommunikasie vanaf die navorser na die leser. Strydom (in De Vos, 1998: 420) gee verskillende definisies wat die doel van die navorsingsverslag belig:

---

[8] Onafhanklike kodeerder deur die navorser gebruik, is dr. J. D. Prinsloo, 'n pastorale terapeut wat PhD-studies rondom die volgende onderwerp voltooi het: 'n Diskoers in narratiewe pastorale huweliksverryking. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat (1999).


- Dit is 'n geskrewe dokument as samevatting van prosedures wat onderneem is en wat inligting beskikbaar stel.
- Om te skryf is 'n manier van dink, 'n manier van leer en 'n manier om idees met ander te deel.
- Die navorsingsverslag is die essensie van, en dien as 'n model vir, 'n ondersoek wat lei tot 'n skriftelike weergawe waaruit gevolgtrekkings, aanbevelings en evaluering van die nagevorste materiaal spruit en wat voorsien word aan 'n leserspubliek.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar in die navorsingsverslag gepoog word om:

- die essensie van die studie weer te gee en om die ondersoek saam te vat;
- kennis uit te brei oor verskillende kulture se belewing rakende seksuele mishandeling en of slagoffers oor kultuurgrense heen mekaar kan help in die verwerking van die trauma;
- hierdie kennis beskikbaar te stel aan ander slagoffers en terapeute;
- 'n geskrewe verslag vir evaluering in te handig; en
- 'n bydrae te lewer tot 'n wetenskaplike feitebasis vir die professie.

Opsommend (sien figuur 6.1) kan die navorsingsverloop gevolg in hierdie studie soos volg geïllustreer word:

**Figuur 1.6** Voorstelling van navorsingsverloop



## 1.7 BEGRIPSVERHELDERING

Perspektief op die onderwerp wat nagevors word, naamlik: **'n Ondersoek na kruiskulturele, narratiewe terapie vir adolessente wat seksueel mishandel is**, word belig deur enkele begrippe eers te verhelder.

### 1.7.1 TITELVERHELDERING

*All sexual abuse is damaging, and the trauma does not end when the abuse stops.*
*If you were abused as a child, you are probably experiencing long-term effects that interfere with your day-to-day functioning.*
*However, it is possible to heal.*
*Thriving means more than just an alleviation of symptoms, more than band-aids, more than functioning adequately. Thriving means enjoying a feeling of wholeness, satisfaction in your life and work, genuine love and trust in your relationships, pleasure in your body.*
*Until now, much of the literature on child sexual abuse has documented the ravages of abuse, talking extensively about "the tragedy of ruined lives", but little about recovery.*
*People say "time heals all wounds," and it's true to a certain extent.*
*Time will dull some of the pain, but deep healing doesn't happen unless you consciously choose it.*
*The long-term effects of child sexual abuse can be so pervasive that it's sometimes hard to pinpoint exactly how the abuse affected you.*
*It permeates everything: your sense of self, your intimate relationships, your sexuality, your parenting, your work life, even your sanity.*
*Everywhere you look, you see its effects.*
*Because sexual abuse is just one of many factors that influenced your development, it isn't always possible to isolate its effects from the other influences on your life.*
*The effects of child sexual abuse can be devastating*
*but they do not have to be permanent.*
*... recognizing, perhaps for the first time, the ways in which the abuse affects your life ... will probably be painful, but it is, in fact, part of the healing process.*
(Bass & Davis, 1988: 20, 33, 34)

Mense is die kenners van hul eie lewens. Antwoorde op vraagstukke is binne hulself geleë. Persone wat seksueel mishandel is, en vir die doel van hierdie studie by name dan adolessente, het **probleemdeurdrenkte stories** oor hulself. Narratiewe terapie gebruik 'n linguistiese praktyk, by name **eksternalisering**, wat die probleem van die persoon skei. Narratiewe terapie bied aan die terapeut en kliënt die geleentheid om deur 'n **kollaboratiewe proses** van ko-konstruksie 'n nuwe selfnarratief te skep.

### 1.7.2 KRUISKULTUREEL[9]

Volgens Matsumoto (1994: 3) behels kruiskulturele navorsing die insluiting van deelnemers uit verskillende agtergronde en die navorsing van verskille tussen die deelnemers. Biesheuvel (in Mauer & Retief, 1987: 3) beskryf kruiskulturele navorsing in wese as **vergelykend van aard**. Conradie (1995: 15) beweer dat die doel van só 'n studie daarop gerig behoort te wees om 'n verskynsel tussen kulture te vergelyk, met ander woorde of dit kruiskultureel van aard is.

Kruiskulturele psigologie is van mening dat daar min veralgemenings is wat oor sosiale, historiese en kulturele grense heen gemaak kan word tussen verskillende kultuurgroepe (Shweder & Sullivan, 1993: 497-523). 'n Aspek wat ook deur die kruiskulturele psigologie geraak word, is die bestudering van die moontlikheid dat daar **kennisbeperkinge** in verskillende kulture aanwesig mag wees. Kagitcibasi en Berry (1989: 24) se standpunt is dat kruiskulturele psigologie die studie behels van **ooreenkomste en verskille tussen individue se psigologiese en sosiale funksionering in verskeie kulture en etniese groepe**.

Matsumoto (1994: 3) beweer dat kruiskulturele psigologie nie onderwerp-spesifiek is nie. Volgens hom is kruiskulturele psigologie geïnteresseerd in 'n wye spektrum fenomene wat verband hou met **menslike gedrag**. Dit sluit in alles vanaf persepsie, taal, kinderopvoeding tot psigopatologie. Die karaktereienskappe van kruiskulturele psigologie is die verifiëring van beperkinge ten opsigte van kennis deur ondersoek in te stel na die toepassing of beskikbaarheid van kennis by mense van verskillende kulturele agtergronde.

Die bydrae wat die sosiale konstruktivisme op hierdie gebied lewer, is 'n epistemologie wat die mening huldig dat kennis sosiaal gekonstrueer word. Volgens Gergen (1985: 268) is die handhawing van sekere menings oor ander kultuurgroepe daarin geleë dat dit nie korreleer met die empiriese wêreld nie, maar eerder op wisselvalligheid van sosiale prosesse. Deur die sosiale prosesse van kommunikasie en konflik genereer en vestig mense betekenisse en menings. Die sosiale konstruktivisme erken die mening dat kennis nie transhistories of transkultureel is nie, maar eerder afhanklik is van sosiale en linguistiese kontekste.

---

[9] Volledige bespreking rondom kruiskulturele aspekte in hoofstuk 3.

Die term "multikultureel" word deur verskeie skrywers verkies omdat dit 'n breër en meer omvattende betekenis reflekteer en die insluiting van 'n verskeidenheid kulturele veranderlikes beklemtoon (Conradie, 1995: 19). Die terme "multikultureel" en "kruiskultureel" word deur verskeie skrywers as sinonieme gebruik en word beskou as 'n proses om sensitief te wees vir kulturele verskille tussen kliënte en beraders (Herr, 1989: 169).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die term kruiskultureel gebruik, aangesien spesifiek gefokus sal word op ooreenkomste en verskille tussen individue uit verskillende kulture en die psigologiese en sosiale funksionering van individue na seksuele mishandeling.

### 1.7.3 NARRATIEWE TERAPIE[10]

Narratiewe terapie verwys na 'n stel terapeutiese praktyke wat ondersteun word deur nie-strukturele denke. Michael White en David Epston (1990: 1-3; Grace, 1998:1*) het mildelik bygedra tot die ontwikkeling van hierdie praktyke. Die narratiewe benadering tot terapie as vertrekpunt is dat mense se lewens en verhoudings gevorm word deur die storie wat hul lewe vertel. Vanuit hierdie storie tree hulle in verhouding met die wêreld om só betekenis te gee aan hul eie leefwêreld. Mense konstrueer sekere gewoontes en verhoudings wat gestalte gee aan hul geïnternaliseerde storie.

Narratiewe terapeute werk vanuit die paradigma waarin kliënte begelei word om die betekenis van die realiteit van hul lewe en verhoudings te **dekonstrueer**. Sodoende word kliënte in staat gestel om die verskil te begryp tussen die werklikheid en die geïnternaliseerde storie van die self.

Narratiewe terapie stel persone in staat om self hul eie probleme op te los deurdat hulle gehelp word om hul lewe en verhoudings te skei van die kennis en stories wat volgens hul eie oordeel verarmend op hul lewe inwerk. Dit ondersteun ook persone om dit wat onderliggend is aan die probleem, uit te daag, en moedig kliënte aan om hul lewe te

[10] Volledige bespreking van narratiewe terapie volg in hoofstuk 3.

herskryf in terme van 'n alternatiewe of meer aanvaarbare storie of identiteit en in ooreenstemming met 'n storie waaraan voorkeur gegee word (Freeman, *et al.*, 1997:50).

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar veral gefokus word op die vermoë van adolessente wat seksueel mishandel is om self aktief deel te neem aan die herskrywing van hul eie alternatiewe storie. Die stories van *survivors*[11] van seksuele mishandeling sal aan slagoffers voorgehou word en sal in geskrewe vorm aangewend word as ko-terapeute.

### 1.7.4 ADOLESSENSIE[12]

Die woord "adolessensie" is ontleen aan Latyn en ontspring uit die werkwoord *adolescere* wat letterlik beteken om **te groei tot volwassenheid**. In alle samelewings word adolessensie gereken as 'n tydperk van groei vanaf onvolwassenheid na volwassenheid (Steinberg, 2001:1*).

Volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997: 7) is 'n adolessent 'n persoon in die ontwikkelingstadium wat strek vanaf puberteit tot en met die bereiking van volwassenheid. Ouderdomsgewys is dit vanaf ongeveer 12 tot 18 jaar vir dogters en 13 tot 21 jaar vir seuns. In hierdie fase is die belangrikste ontwikkelingstaak **om tot 'n eie identiteit te kom**. Volgens Erikson (in Parrott, 1993:15) beteken dit dat die jeugdige kan antwoord op die vraag: 'Wie is ek?' Deur op hierdie vraag betekenisvol te kan antwoord gee aan adolessente 'n gevoel van beheer wat dit vir hulle moontlik maak om hul lewens te bestuur.

Vir die doeleindes van hierdie studie word persone ingesluit tot op die ouderdom van 23 jaar indien hulle nog sekondêre of tersiêre onderrig ontvang en nog nie formeel die arbeidsmark betree het nie.

---

[11] Die term *survivor(s)* sal deurgaans in die studie gebruik word aangesien enige vertaalde vorm van dié woord na Afrikaans trefkrag verlore laat gaan.
[12] Adolessensie word volledig bespreek in hoofstuk 4.

### 1.7.5 SEKSUELE MISHANDELING[13]

Seksuele mishandeling as verskynsel word in verband gebring met onbehoorlike en ontoelaatbare seksuele aktiwiteite met 'n ander persoon wanneer daar 'n ouderdomsverskil van ten minste vyf jaar is tussen die slagoffer en die oortreder. Die slagoffer moet onder die ouderdom van vyftien jaar wees toe die daad gepleeg is of die daad moes gepleeg word téén die wil van die persoon.

Seksuele mishandeling word deur Schechter en Roberge (in Pearce & Pezzot-Pearce, 1997:4) soos volg omskryf:

> *The involvement of dependent, developmentally immature children and adolescents in sexual activities that they do not fully comprehend, are unable to give consent to, and that violate the social taboos of family roles.*

Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes van gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite. Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie sluit dit dan by name die volgende in soos saamgevat uit die werke van Kaplan, *et al.* (2001: 1-2*); Kubetin en Mallory (2002: 29) en Lewis (1994:5-6):

- **Onsedelike aanranding** sluit situasies in waar daar seksuele kontak met of sonder penetrasie is wat plaasvind met fisiese geweld of psigologiese dwang. Odendal (1994: 93) verwys ook hierna as bloedskande of inses wat beteken dat daar geslagsgemeenskap tussen bloedverwante, wat volgens wet nie mag trou nie, plaasgevind het. Onsedelike aanranding is die term wat in hierdie studie gebruik word wanneer daar verwys word na:
    - die aanraking van 'n individu se privaatdele of die intensionele aanraking van die individu se klere wat daardie dele bedek;
    - uitermatige kielie gepaardgaande met fisieke dwang;
    - gemeenskap, orale seks of sodomie met 'n kind of volwassene sonder die individu se toestemming;
    - dwang of manipulasie deur die oortreder dat 'n kind masturbasie of enige ander seksuele aktiwiteit moet waarneem; en
    - die individu dwing tot godsdienstige aktiwiteite wat seks insluit.

---

[13] Seksuele mishandeling word volledig bespreek in hoofstuk 5.

- **Molestering** word gebruik in gevalle wanneer daar **nie penetrasie** plaasgevind het nie maar die aktiwiteite nogtans plaasgevind het tussen 'n kind of 'n adolessent en 'n volwassene. Aktiwiteite sluit die volgende in:
  - betasting of liefkosing;
  - 'n kind oopmond soen;
  - blootstelling van 'n kind aan seksuele materiaal;
  - blootstelling van genitalieë aan 'n persoon wat nie in staat is om toestemming te gee nie;
  - blootstelling aan seksuele grappe – tergery of grafiese seksuele beskrywings aan 'n kind of volwassene, byvoorbeeld 'n gestremde, wat nie toestemming kan gee nie;
  - blootstelling van 'n kind aan herhaaldelike aanmerkings oor die kind se ontwikkelende liggaam;
  - weiering om 'n kind privaatheid te gee tydens badtyd of aan- en uittrektyd;
  - skelname van 'n seksuele aard, bv. om die kind 'n 'slet' of 'n 'hoer' te noem;
  - 'n kaal persoon dophou sonder toestemming;
  - sonder toestemming video-opnames maak van mense wat seks het; en
  - betasting en troeteling van genitalieë, borste of oraal-genitalieë-kontak.

- **Verkragting** word vanuit 'n regs- en kliniese perspektief geag as **geforseerde seksuele geslagsgemeenskap wat plaasgevind het as gevolg van fisiese geweld of psigologiese dwang**. Verkragting impliseer vaginale, anale of mondelinge penetrasie deur die oortreder. Hierdie term sluit ook insidente in waar vreemde voorwerpe gebruike is vir penetrasie of gevalle waar die slagoffer nie toestemming kon gee nie as gevolg van 'n ontwikkelingsgestremdheid of bedwelming.
  - Wanneer die slagoffer en oortreder mekaar ken en verkragting plaasvind, word die volgende terme gebruik:
    - ***acquaintance rape*** en
    - **afspraak- of geleentheidsverkragting** (*date rape*) – laasgenoemde waar die slagoffer deur die oortreder uitgeneem word vir 'n sosiale geleentheid en dan verkrag word.
  - **Bendeverkragting** is wanneer meer as een man 'n vrou verkrag.

- **Poging tot verkragting** is wanneer die persoon verhoed word om die daad te voltrek as gevolg daarvan dat hy deur iemand verhinder word of wanneer die persoon haarself of homself só teensit dat die daad nie uitgevoer kan word nie.
- **Statutêre verkragting** behels seksuele penetrasie deur 'n **persoon wat 18 jaar en ouer is met 'n minderjarige persoon**. Statutêre verkragtingswetgewing word gebaseer op sterkte daarvan dat 'n minderjarige nie wetlik toestemming tot seksuele gemeenskap kan gee nie. Hierdie ouderdomsperk wissel van land tot land.

Seksuele mishandeling hoef nie noodwendig fisiese kontak te behels nie. By kinders en adolessente begin dit meestal met nie-kontak tipes van misbruik wat die emosionele en sielkundige grense van die slagoffer oorskry. Hierdie tipe misbruik laat die slagoffer gewoonlik ongemaklik voel, maar hulle beskik nie in hierdie ontwikkelingstadium oor die nodige hanteringsvaardighede nie. Baba- en kinderverkragting is 'n terrein wat tot redelik onlangs 'n relatief onbekende verskynsel was binne die samelewingskonteks. Nortjé[14] (2001:5) laat homself soos volg daaroor uit: "Die dinge wat deesdae gebeur, is nuwe goed. Dit staan nie in ons boeke nie."

Vir die doeleindes van hierdie studie kan 'n persoon ingesluit word wat aan enige van die genoemde vorme van seksuele mishandeling blootgestel was en waar dit gelei het tot inkorting van die persoon se normale funksionering.

## 1.8 NAVORSINGSPROGRAM

Die volgende stappe word in die verdere verloop van die studie gevolg:

- **Hoofstuk twee** gee 'n oorsig oor die tradisionele hoofstroombenaderings. Slegs die hoofstroombenaderings wat gebruik word in samehang met die toepassing van narratiewe terapie in hoofstuk ses word uitgelig. Dié gebruik daarvan word in hoofstuk sewe toegelig.
- **Hoofstuk drie** verreken kulturele en kruiskulturele faktore wat in die ondersoek in aanmerking geneem moet word. 'n Oorsig oor narratiewe terapie as benaderingswyse word bespreek.

---

[14] Aanhangsel D.

- In **hoofstuk vier** word adolessensie as 'n ontwikkelingsfase in oënskou geneem.
- In **hoofstuk vyf** word seksuele mishandeling bespreek.
- In **hoofstuk ses** word daar aan die hand van vyf gevallestudies ko-terapie toegepas en geëvalueer – ko-terapie tussen die terapeut, slagoffer en *survivors* van seksuele mishandeling. Die gebruikswaarde van kruiskulturele ko-terapeute, wat in hierdie geval *survivors* is (ander slagoffers wat reeds die trauma van seksuele mishandeling suksesvol in hul lewe geïntegreer het), sal ondersoek word. Daar sal hoofsaaklik in hierdie hoofstuk gefokus word op die vermoë wat in kliënte self gesetel is om as eksperte van hul lewe op te tree tydens die fisiese herskrywing van hul alternatiewe storie.
- In **hoofstuk sewe** word die studie kortliks saamgevat en bespreek en word enkele aanbevelings gemaak.